



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

FEBRUARIE/MAART 2016

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Opstel	(50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25)	(50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloiediagram/kernwoorde), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

AFDELING A: ongeveer 80 minute
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 'n Reis om te onthou [50]

1.2 **Die dag toe ek gewaag het ...** [50]

1.3 **KENNIS MAAK DIE VERSKIL.** [50]


1.4 *“Vriendskap is altyd 'n heerlike verantwoordelikheid - dis nooit net vanselfsprekend nie.”* ~ Kahlil Gibran ~ [50]

1.5 Skryf 'n opstel wat met die onderstaande paragraaf afsluit.
Jy moet dié slotparagraaf in die ANTWOORDEBOEK oorskryf.

Ja, so gaan dit met ons dromers. Dis 'n lewe van hoogtes en dieptes, hoop en nóg 'n keer hoop. Maar ék wil nie anders wees nie. Sonder drome sterf 'n mens. [50]

1.6 Kies EEN van die volgende visuele prikkels en skryf 'n opstel daaroor. Verskaf jou eie opskrif.

1.6.1



[Uit: www.photostock.com]

[50]


1.6.2



[Uit: www.photostock.com]

[50]

1.6.3



[Uit: www.photostock.com]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180–200 woorde elk.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou vriend/vriendin se ouerhuis is onlangs deur 'n natuurramp verwoes.

Skryf 'n BRIEF aan hom/haar waarin jy hom/haar bemoedig.

[25]**2.2 BRIEF AAN DIE PERS****Die moderne jeug is lam in die knieë!**

Suurstofdiewe en rusbankruspers gee die toon aan!

Waar kry ons manne en vroue met woema en wilskrag,

met murg in die pype vir die eise van die toekoms?

Die bostaande boodskap word landwyd deur middel van sms'e versprei.

Reageer op hierdie beskuldiging deur middel van 'n BRIEF AAN DIE PERS.

[50]**2.3 HULDEBLYK**

Jou gunstelingonderwyser(-es) gaan binnekort aftree as gevolg van ernstige gesondheidsprobleme. Jy moet namens julle klasgroep by die afskeidsfunksie vir dié unieke mens 'n huldeblyk lewer.

Skryf jou HULDEBLYK.

[25]**2.4 RESENSIE**

Die redakteur van die plaaslike biblioteek se maandblad het jou gevra om jou gunstelingboek vir dié maandblad te resenseer.

Skryf die RESENSIE.

[25]

2.5 GESKREWE ONDERHOUD

Een van jou skool se leerders het nasionale kleure in 'n sportsoort verwerf en moes Suid-Afrika oorsee verteenwoordig.

Ná sy/haar terugkeer uit die buiteland moet jy, as joernalis van die skool se koerant, met hom/haar 'n onderhoud voer.

Skryf dié ONDERHOUD neer.

[25]**2.6 KOERANTARTIKEL**

Jy is 'n joernalis van julle skoolkoerant. Die redakteur vra jou om 'n artikel oor die onderstaande onderwerp te skryf:

Jy ís wat jy eet!

Skryf dié KOERANTARTIKEL.

[25]**TOTAAL AFDELING B:****50****GROOTTOTAAL:****100**